


**_26 Februarie 2026_**

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Baie geluk aan ons graad 7 groep van 2025 en ons akademiesehoof saam met personeel wat erkenning ontvang het vir akademiese prestasie. Gestandaardiseerde eksamen vir graad 7 is einde 2025 geskryf. Ons het in 4 leerareas `n 100% slaag vir die eksamen behaal.

Baie geluk Me. N Poultney Kuns en Kultuur, Mnr M Claassen vir LO, Mnr S Oosthuizen vir Tegnologie en EBW. Ons is voorwaar trots op julle.

Waar ons toetsreeks begin het om druk van een of twee week eksamen te vermy sê ek werklik dankie aan elke leerder en ondersteuner wat voorbereiding doen om die beste moontlike punt te behaal. Mag julle elkeen die sukses pluk van voorbereiding.

Baie geluk aan ons atlete wat aan BLAV deelgeneem het en weereens gewys het hulle geniet eerstens deelname en behaal dan ook sukses om vir Boksburgspan gekies te word. Ons het daarna prag prestasies gelewer by D6 se kampioenskappe en 26 atlete gaan ons distrik verteenwoordig by Gauteng se atletiekkampioenskappe..

Netbalproewe van dorp het reeds `n aanvang geneem en ons is uiters trots op ons dogters wat ook hier die geleentheid aangryp en hul beste lewer. Ons bid julle ook as netbalspanne seën en beskerming toe met die naweek se netbalkamp, Gaan uit om `n span te vorm wat alle verskille buite die baan los en as maats en mede speelsters sukses najaag.

Ons gelukwensing aan ons rugbyafrigters en spelers vir die puik gees waarin Grey ontvang is en hoe ons seuns staal gewys het teen hierdie skool. Ons is dankbaar om te kon leer en te wys ons kan kers vashou saam met hierdie skole.

Ons redenaarsuitdunne onvoorbereid en voorbereid snel nou nader en ek wens elke spreker kalmte en oorredingsvermoë toe met hierdie pragtige geleentheid in Maartmaand. Hier kry jy die kans om te ontwikkel vir die grootmens wêreld wat voorlê.

Ons dank aan al ons borge wat weereens uitreik, help en ondersteun dat ons leerders netjies lyk en wel op toere te gaan. Ons waardeer julle!

Mag God elkeen seën en mag Sy groot beskerming oor ons wees en bly.

----------------------------------.

C Blignaut

Hoof

**FINANSIES:**

Baie dankie aan al ons ouers wie se rekeninge op datum is, asook aan elkeen wat getrou betaal en betalingsreëlings getref het. U samewerking en ondersteuning word opreg waardeer.

Ons wil ouers vriendelik herinner dat u asseblief die skool moet kontak indien u enige finansiële uitdagings met die vereffening van skool- en naskoolrekening ervaar. Ons kan slegs help wanneer ons bewus is van 'n probleem — daarom is oop kommunikasie baie belangrik. Onthou: ons kan nie weet daar is 'n probleem as u nie met ons praat nie. Ons is hier om saam met u oplossings te vind.

**KOSINSAMELING:**

Maandag, 2 Maart, sal die kosinsamelingsbriefies uitgedeel word aan die leerders. Ons opregte dank aan ouers wat ons met die projek ondersteun, sodat ons leerders kan help waar daar behoefte bestaan. Onthou asb dat selfs 1 produk wat u stuur iewers 'n verskil maak.